DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

15 Januarie 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. VREY**	**Aand**	**Ds. C.C.A. VREY**
Sing vooraf	Ps. 116: 7, 9	Sing vooraf	Sb. 2-2: 1, 3 (34)
Sing	Ps. 118: 1, 2	Sing	Sb. 2-5: 1, 3 (35)
	Ps. 40: 4, 5		Ps. 37: 2, 4, 15, 16
	Ps. 119: 50, 51		Ps 62: 1, 4
	Sb. 15-1: 1 - 4 (75)		
Skriflesing	Filippense 1: 27 – 2: 18	Skriflesing	Genesis 37 HK Sondag 9
Teks	Filippense 2: 12-13	Teks	Genesis 37: 19-20, 26-27
Tema	Hoe werk 'n mens jou eie heil uit?	Tema	God is ook Vader in die kwaad wat Hy in jou lewe beskik
Katkisasie-opening: Psalm 150 : 1			

2. ALGEMENE KERKNUUS

Beroepe ontvang

- Proponent DJ Malan (Danie) na Uitschot

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Kerkkalender 2017

Let asseblief op die volgende veranderinge wat plaasgevind het nadat die kalenders gedruk is:
Administrasie: Sr. Willina Cilliers (082 738 1809)
Faks nommer: 086 465 4609
Skriba: Br. Berend Meijering (083 291 7603)
Diakonie Voorsitter: Br. Stefan Bezuidenhout (082 880 2504)
Orrelis: *Vakant*

Lidmaat-inligting

Ons het agtergekom dat heelwat lidmaat-inligting verouderd is. Dit is elke lidmaat se eie verantwoordelikheid om te sorg dat sy/haar inligting korrek is. Maak asseblief seker dat u nuwe adres / selfoon nommer / e-pos adres die administratiewe beampte bereik. Daar is vorms in die kerkkantoor beskikbaar vir hierdie doel.

Preke

- Lidmate wat graag uitgedrukte preke wil ontvang, skryf asseblief u naam op die lys in die konsistorie. Daar is verskeie koste-opsies – kyk daarna en merk die toepaslike kolom op die lys. Betalings kan (in 'n gemerkte koevert) in die betalings kassie in die kantoor geplaas word of per EFT betaal word met die verwysing: PREKE+naam
- Alternatiewelik kan u weekliks die preke gratis per e-pos ontvang. Stuur asseblief 'n e-pos na die kerkkantoor (gkbellville@mwebbiz.co.za) om op die lys geplaas te word.
- Lidmate bo die ouderdom van 75 jaar kan uitgedrukte preke, asook die psalms en Die Loot in groot formaat, gratis ontvang. Skryf asseblief u naam op die lys in die konsistorie en merk die toepaslike opsie(s).

ALMANAK 2017 VAN GKSA

Die Almanak en Dagstukkie-boek van die GKSA is in die kerkkantoor beskikbaar teen R75.00 elk. Plaas asseblief kontant (in 'n gemerkte koevert) in die betalings kassie in die kantoor.

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 4:1 e.v. / Aand: Handelinge 4:5 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving - 083 642 0611)

DANKIE

Baie dankie aan almal wat op enige manier aan my gedink en besoek het in my tyd van hospitalisasie. Die Here het geneem, maar my ook al die tyd bygestaan, waarvoor ek baie dankbaar is. *Nel Goedhart en kinders*

DIENS VAN ORREL

Van Schalkwyk Orrelbouers is tans besig met die groot diens van ons orrel. Dit sal 'n paar weke duur en ons vra u geduld en samewerking tydens die proses. Ouers moet asseblief sorg dat kinders nie by die orrelpype, wat bo in die kerkbanke lê, sal peuter nie. Baie dankie!

FACEBOOK

Is jy al vriende met GK Bellville? *Like* jy al ons blad Geref Kerk Bellville Gemeente? Indien nie, gaan loer gerus en kom gesels saam met die ander 87 vriende wat al deur middel van sosiale media op hoogte bly van ons doen en late.

GEMEENTEBRAAI

Ons jaarlikse gemeentebraai vind DV plaas op Vrydag, 17 Februarie om 19h00 op die kerkterrein. Dit is 'n gemeente-aksie waar gesellig saamgekuier word, maar dien ook as 'n fondsinsameling ter verstewiging van die Susterskas. Meer inligting volg binnekort.

GEMEENTEKAMP

Ons gemeentekamp vind DV plaas **31 Maart tot 2 April** by Mizpah naby Grabouw. Daar is 'n lys op die kennisgewingbord aangebring. Lidmate wat graag die kamp wil bywoon, skryf asseblief u naam so gou as moontlik op. Dagbesoekers is ook welkom. Betalings (EFT met die verwysing KAMP+naam of kontant in 'n gemerkte koevert) moet asseblief die kassiere bereik teen 15 Maart. Vir meer inligting, kontak br. Willem de Haan (021 913 2511).
Kostes: Kinders (6 – 16 jaar) R128.00 en Volwassenes R256.00. Kinders onder 6 is gratis.

KATKISASIE

Katkisasie klasse begin vanoggend direk na die erediens.

MEELEWING

- Ds. Poen Prinsloo (emeritus predikant van ons gemeente) is Woensdag oorlede. Ons innige simpatie aan tannie Marlien, sr. Rea Costerus (073 218 7973) (dogter) en haar gesin, asook srs. Ancia Myburgh (076 079 5507), Carlien Myburgh (081 475 5555) en Sumaré Prinsloo (071 896 2888) (kleindogters). Ons bede is dat julle en die res van die familie, die Here se troos ryklik sal ervaar. Die troosdiens vind DV Maandag, 16 Januarie om 10:30 in Hermanus plaas.
- Sr. Mariette Gerber (083 660 5877) is verloof – baie geluk! Ons bid julle die seën van die Here toe tydens hierdie vreugdevolle tyd.
- Sr. Geert van Jaarsveld (voorheen van ons gemeente) het 'n ligte beroerte gehad. Mag die Here u dra tydens die moeilike rehabilitasie.

SUSTERS

Saamtrek 2017

Gereformeerde Kerk Paarl bied DV Saterdag, 4 Maart die Sustersaamtrek vir Klassis Boland aan. Kyk asseblief na die uitnodiging op die bord in die konsistorie en skryf u naam op die lys indien u dit wil bywoon. Inskrywings sluit 22 Januarie en alle gelde moet teen 26 Januarie inbetaal wees. Plaas dit asseblief in die kassiere kissie in die konsistorie (in 'n gemerkte koevert) of doen 'n EFT met die verwysing SAAMTREK+naam.

Teeskinkbeurte

Vandag: Kenridge (Magda Groot), Blouberg (Nicolette van der Walt)
Volgende week: Bosbell/Hoheizen (Marie de Haan), Goedemoed (Jethie Buys) en Kuilsrivier (Marthie de Klerk)

TAALVERSORGING VAN PREKE

As gevolg van sr. Geert van Jaarsveld se ongesteldheid, sal die preke voorlopig ongeredigeer gedruk en uitgestuur word. Indien enige lidmaat bereid is om tydelik te help met die taalversorging, kontak asseblief vir ds. Coen Vrey (082 808 4432).

VAKATURE VIR KASSIERE

Die pos van kassiere sal vanaf Maart 2017 vakant wees. Lidmate wat belangstel om aansoek te doen, word versoek om met sr. Willina Cilliers (082 738 1809) in verbinding te tree rakende die pligte. Aansoeke kan aan die skriba gestuur word by skriba.gkbellville@gmail.com.

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

BEVESTIGING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS

DV Vanaand tydens die erediens sal br. Llen Labuschagne as ouderling en brs. Dewald Costerus en Ruthven Janse van Rensburg as diakens bevestig word.

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Dick van der Wilt, Ludwig Venter, Herman Boneschans
Volgende week: Brs. Jaco Coetsee, Pieter van Niekerk, Riaan Janse van Rensburg, Stefan Bezuidenhout

Ouderlinge

Vandag: Brs. Ruhan Coetzee, Ben van der Walt, Gert Mulder, Jakobus Wüst
Volgende week: Brs. Wilhelm Groenewald, Gustaaf Costerus, Cassie Bester, André Coetzee

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Willie Buys, Cobus du Plessis
Volgende week: Brs. Ben Groot, Martin van der Walt

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT VIR 2017

Januarie: 16/01 Parow-Noord, 30/01 Glenlily
Februarie: 13/02 Parow-Vallei, 27/02 Boston 1
Maart: 13/03 Boston 2, 27/03 Bosbell & Hoheizen

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Skiereiland vir Christus
By die deure:	Bybelverspreiding deur katkisante	Emeritus Mediese Hulpfonds

VERGADERINGS

Katkisasie Kommissie

Vanaand na die erediens in die konsistorie

Finansiële Kommissie

Maandag om 18h00 in die konsistorie

Spesiale Vergadering

Woensdag om 19h00 in die konsistorie. Hierdie vergadering sluit in: ***Breë Kerkraad, Kerkplantingskommissie en Finansiële Kommissie***

5. VERJAARSDAE

Vandag	Br. Ruhan Coetzee Nelia Gerber (5 jaar)	021 554 5560 / 083 655 6687 083 660 5876
17/01	Br. Niël van Hoving	083 444 7349
18/01	Br. Harm du Plessis Br. Petri Labuschagne	021 913 0566 / 082 331 7099 021 559 1870
19/01	Aletta du Plessis (8 jaar) Br. Jakobus Wüst	021 975 9767 021 913 5552 / 084 503 3552
20/01	Br. Gert Coetzee Sr. Marleen Curtis Sr. René Streicher	076 808 1224 021 794 1991 / 078 586 2749 076 149 2606
21/01	Sr. Marietjie Kruger	082 821 6729

Berigte vir *Die Loot* moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per epos gestuur word na **gkbellville@mwebbiz.co.za**